Droommodes vanuit Errol se ateljee

Dit was 'n aand van oe's en a's nou Maandagaand in die Aula van die D.H.P.S. toe die jong belowende klereontwerper van Kaapstad, Errol Arendz, vyftig van sy skeppings vir lente en somer aan 'n gehoor van nagenoeg vierhonderd mense kom wys het.

Dis 'n modeparade waaroor daar seker nog lank gepraat sal word. Die rokke was uitstaande, sommige selfs skouspelagtig mooi — rokke waaroor 'n mens kan droom — en die mannekyne wat dit vertoon het, het hul storie geken.

Sowat 1 ¼ uur lank het die mannekyne op die loopplank gesweef-loop in uitrustings wat hul ontstaan op Errol se ontwerptafel gehad het: uitrustings waarmee vooraanstaande vroue soos Barbara Barnard en kie hulself klee.

Dit was drankies en eetgoed voor die tyd en drankies en eetgoed ná die tyd en 'n selfversekerde tog beskeie Errol Arendz wat tussen die mense rond beweeg, handtekeninge uitgedeel en gesels het.

Dit gaan 'n jaarlikse instelling word, is daar ná die tyd gesê. Inge Gramann en Marina Lampbrecht wat in samewerking met die Lionsklub Alte Feste die modeparade moontlik gemaak het, het saamgestem — aanstaande jaar word weer so gemaak.

Cynthia in 'n goudgeel kantoen-voile-broekpak met 'n verskil. Errol Arendz noem hierdie skepping van hom "Fleur Tulip".

Marina in 'n pienk sonrok waarvan die ontwerpe met die hand en verf aangebring is. "Mahe" is Errol se benaming vir die koele rok.

Dalena in 'n tweestuk van sy-wolstof. Let op die treffende neklyn waaruit die res van die kledingstuk vloei.

Inge Gramann, Errol Arendz en Marina Lampbrecht, seker die drie belangrikste mense by Maandagaand se modeparade in die Aula van die D.H.P.S. Inge en Marina het Errol genooi om sy skeppings in Windhoek te kom vertoon en dit was Errol se skeppings wat die stampvol saal vir sowat 1 ½ uur lank in vervoering gehad het. Al dié foto's van dié modeparade is deur Bob de Bruin geneem.

Renate in Errol se Taihiti-skepping. Die kleure daarvan is pers, blou en goud en die stof waarvan dit gemaak is, is Thai-systof.

Met so 'n interessante ruglyn sal die koppe beslis draai. Dié treffende uitrusting van suiwerwit sy-sjiffon noem Errol "Ophelia".